SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2016

# EKONOMIE V1 MEMORANDUM

**PUNYW: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 C ✓✓ huur.
1.1.2 A ✓✓ bruto plaaslike produk.
1.1.3 B ✓✓ Motivering
1.1.4 A ✓✓ elektrisiteit
1.1.5 B ✓✓ paaie.
1.1.6 C ✓✓ MOD
1.1.7 B ✓✓ Rentekoers
1.1.8 C ✓✓ Monetêre unie (8 × 2) (16)

1.2 **PAS-ITEMS**

1.2.1 B ✓ Betaling gemaak vir die gebruik van produksiefaktore wat beperk in aanbod is
1.2.2 D ✓ Word verbruik of vernietig in die proses wanneer dit gebruik word
1.2.3 F ✓ Rykdom wat oorgedra word van een generasie tot die volgende generasie
1.2.4 A ✓ Dienste soos vervoer en kommunikasie
1.2.5 C ✓ 'n Meganisme om die probleem van skaarsheid en keuses aan te spreek
1.2.6 E ✓ Die persentasie mense wat leef op 'n inkomste wat onder die armoedelyn is
1.2.7 H ✓ Verwys na wat geld kan koop soos ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling in Suidelike Afrika
1.2.8 I ✓ Individu is vry om hul professie en handel sonder staatsinmenging te doen (8 × 1) (8)

1.3 **IDENTIFISEER DIE KONSEP**

1.3.1 Intermediêre goedere ✓

1.3.2 Makro-ekonomie ✓

1.3.3 Invoere ✓

1.3.4 Sosiale dienste ✓

1.3.5 Ekonomiese goedere ✓

1.3.6 Kapitaalverbreding ✓ (6 × 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

## VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 **Lys TWEE metodes om die BBP te bepaal.**

2.1.1
- Inkomste-metode ✓
- Produksie-metode ✓
- Bestedingsmetode ✓ (Enige 2 × 1) (2)

2.1.2 **Waarom is dit belangrik vir die regering om die verkrygingstelsel te gebruik?**
- Om diskriminasie-beleide en -praktyke aan te spreek ✓✓
- Om rykdom te herverdeel deur fondse na besighede wat deur voorheen benadeelde groepe besit is, te kanaliseer ✓✓
- Om anti-diskriminasie doelwitte in die werkplek te bereik ✓✓
- Om direkte investeringsfondse in onderontwikkelde en benadeelde plattelandse gemeenskappe te sit deur konvensionele konstruksieprojekte ✓✓
- Om deel te neem in KMMO's in lewering van goedere en dienste vir regeringsverkrygings ✓✓
- **(Aanvaar enige relevante inligting)** (Enige 1 × 2) (2)

2.2 **DATA RESPONS**

2.2.1 **Noem die industrie van die primêre sektor wat in die bogenoemde prent verteenwoordig word.**
Bosbou ✓✓ (2)

2.2.2 **Onderskei tussen die verhouding van die primêre en sekondêre sektor.**
- Die primêre sektor lewer rou-materiaal vir verdere prosessering. ✓✓
- Die sekondêre sektor prosesseer of vervaardig roumateriaal in bruikbare produkte vir gebruik deur alle sektore. ✓✓
- **(Enige relevante inligting)** (Enige 1 × 2) (2)

2.2.3 **In jou eie opinie, verduidelik die oorsaak van die verkoop van onklaar meubels.**
- Dit word veroorsaak deur lae vlakke van tegnologie en kapitaal. ✓✓
- **(Enige relevante inligting)** (Enige 1 × 2) (2

2.2.4 **Waarom is die bydrae tot BBP belangrik in die primêre sektor?**
- Primêre sektor daal in terme van direkte waarde wat dit bygevoeg het ✓✓
- Die relatiewe daling verteenwoordig 'n strukturele verandering ✓✓
- Dit beteken 'n land raak minder afhanklik op die primêre sektor en meer afhanklik op die sekondêre en tersiêre sektore ✓✓
- Industrieë speel 'n belangrike rol omdat dit voedsel aan plaaslike bevolking voorsien ✓✓
- Lewer bydrae tot werkskepping en uitvoere-verdienste ✓✓

(Enige 2 × 2) (4)

2.3 **DATA RESPONS**

2.3.1 **Verduidelik die term *finale verbruiksbesteding*.**
Dit is die bedrag wat huishoudings gebruik om vir goedere en dienste te betaal om hulle begeertes te bevredig. (2)

2.3.2 **Voorsien ’n letter wat gewoonlik *Bruto vastekapitaal vorming* aandui.**
Letter I ✓✓ (2)

2.3.3 **Waarom is dit belangrik vir die ekonomie om die BBP te gebruik?**
Dit meet die vordering/groei of kontraksie van ekonomies ✓✓
**(Enige relevante inligting)** (2)

2.3.4 **Bereken die BBB in die bogenoemde tabel genommer (A). Toon al jou bewerkings.**
BBB = 1,8 +0,7+1,5 **-**1,2 + 0,7- 1,3 ✓✓ = 2,2 ✓✓ (2 + 2) (4)

2.4 **Verduidelik hoe natuurlike hulpbronne ons lewens verryk.**

- Grond voorsien spasie om te loop en die geniet van die natuurlike omgewing. ✓✓
- Voorsien vis, water en ook ’n bron van ontspanning en vermaak. ✓✓
- Die atmosfeer voorsien spasie om vliegtuie te vlieg en om elektronies te kommunikeer. ✓✓
- Dit voorsien ook suurstof en skoon lug. ✓✓
- Dit laat werk in die tersiêre industrieë geskep word. ✓✓

**(Aanvaar enige relevante inligting)** (Enige 4 × 2) (8)

2.5 **Hoe belangrik is vervoerinfrastruktuur vir die ekonomie?**

- Dit laat toe dat goedere wat in een gebied geproduseer word in ’n ander gebied verkoop word regoor die land. ✓✓
- Goedere kan uitgevoer word. ✓✓
- Die land kan deel wees van die globale wêreld. ✓✓
- Laat groei in toerisme toe. ✓✓
- Voorsien werkgeleenthede ✓✓ en dra by tot die BBP. ✓✓

**(Aanvaar enige relevante verduideliking)** (Enige 4 × 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 3.1.1 **Noem TWEE bronne om ongelykheid te meet.**
Lorenz-kurwe ✓
Gini-koëffisiënt/ Gini-indeks ✓ (2 × 1) (2)

3.1.2 **Waarom word geld as ŉ rekeneenheid gebruik?**

- Handel word vereenvoudig: ✓✓ Dink aan die chaos wat sal ontstaan as die prys van goedere nie in terme van geld uitgedruk word nie. ✓✓
  Al hierdie probleme word uitgeskakel as geld as ŉ rekeneenheid gebruik word. ✓✓
- Relatiewe waardes van goedere en dienste word uitgedruk: Indien ŉ hemp R 120 kos en ŉ paar skoene R 240, toon hierdie pryse dat ŉ paar skoene twee maal so duur as die hemp is. ✓✓

**(Aanvaar enige relevante inligting)** (Enige 1 × 2) (2)

3.2 **DATA RESPONS**

3.2.1 **Noem die kurwe wat die *Lorenz-kurwe* verteenwoordig.**
Kurwe C ✓✓ (2)

3.2.2 **Verduidelik die terme *Lorenz-kurwe*.**
Is ŉ metode om die omvang van die ongelykheid van inkomste of rykdomverdeling tussen huishoudings te meet. ✓✓ (2)

3.2.3 **Wat sal gebeur as die *Lorenz-kurwe* weg van die lyn van gelykheid is?**
Daar sal ŉ groter graad van ongelykheid wees. ✓✓ (2)

3.2.4 **Waarom is inkomste en rykdom in ŉ land soos Suid-Afrika so oneweredig verspreid?**

- Suid-Afrika het nie ŉ spaarkultuur nie ✓✓- beteken dat arm- en middel-inkomste families nie rykdom sal verwerf nie ✓✓ hulle spaar nie geld nie maar spandeer alles wat hulle verdien. ✓✓
- Arm families het groter families vergeleke met ryk mense ✓✓ - hulle het nie enige geld oor om te spaar nie en om rykdom te genereer nie. ✓✓
- Die onderwysstelsel in Suid-Afrika produseer ŉ groot aantal studente wat nie kwalifiseer om by tersiêre instellings te studeer nie ✓✓ - dit beteken daar is ŉ tekort aan vaardighede in die land wat nie aangespreek word nie. ✓✓
- Geskoolde werkers sal aanhoudend hoër lone as ongeskoolde werkers verdien. ✓✓
- Met hierdie hoër lone wat geskoolde werkers verdien kan hulle spaar en rykdom genereer. ✓✓

**(Aanvaar enige aanvaarbare inligting)** (Enige 2 × 2) (4)

3.3 **DATA RESPONS**

3.3.1 **Verduidelik die term *Verbruikersprys-indeks* (*VPI*).**
Dit meet die geweegde gemiddelde van pryse van ŉ *mandjie verbruikersgoedere en dienste* en *mediese sorg*. ✓✓ (2)

3.3.2 **Noem die instansie wat die VPI gebruik om hooflyn-inflasie te meet.**
Stats SA ✓✓ (2)

3.3.3 **Volgens die tabel, wanneer was die VPI gepubliseer?**
Maandeliks ✓✓ (2)

3.3.4 **Verduidelik kortliks hoe word VPI bereken.**
Die VPI word bereken deur die prysverandering van elke item in die goedere mandjie ✓✓ -die goedere word gemeet in terme van hulle belangrikheid. ✓✓ (2 × 2) (4)

3.4 **Verduidelik *lae lewensverwagting* en *tekort aan onderwys* as eienskappe van ŉ ontwikkellende land.**

- **<u>Lae lewensverwagting</u>**
  - Ontwikkelende lande het ŉ lae lewensverwagting, gemiddeld 51 jaar, in vergelyking met 75 jaar van ontwikkelde lande.
  - Beteken ŉ klein getal van ontwikkelende lande se bevolking is beskikbaar en effektief as ŉ werkersmag.
  - Hulle baklei ŉ eindelose stryd teen siektes, swak gesondheid en ondervoeding. (Enige 2 × 2)(4)

- **<u>Lae lewensstandaard</u>**
  - Lae lewensstandaard is ook verwant aan lae vlakke van onderwys.
  - Die vlak en doeltreffendheid van onderwys word deur die koers van volwasse geletterdheid uitgedruk.
  - Dit is die persentasie mense wat 15 jaar of ouer is wat kan lees, skryf en praat.
  - Geletterdheidskoerse in ontwikkelende lande is laag vergeleke met ontwikkelde lande.
  - Onderwysgebreke en die apartheidstelsel het ŉ groot tekort aan vaardighede veroorsaak in Suid-Afrika.
  - Die mees belangrikste manier om armoede vry te spring vir die individu, is onderrig.
  - ŉ Verbeterde onderwysstelsel is noodsaaklik om groei in die ekonomie as geheel. (Enige 2 × 2)(4) (8)

3.5 **Verduidelik kortliks die soorte *ekonomiese gemarginaliseerde groepe*.**

- Die gemarginaliseerde groepe is mense wat uitgesluit word van betekenisvolle deelname in die gemeenskap en wie se behoeftes nie deur die regering aangespreek word nie. ✓✓
- Hulle sluit in:
  - Die armes, mense met spesiale behoeftes, minderheidsgroepe, mense met HIV/Vigs, vroue en kinders.✓✓
  - Hierdie groepe word gewoonlik ontneem van werke, kwaliteit onderwys en sosiale dienste en word gewoonlik uitgebuit en teen gediskrimineer.✓✓
  - Hulle beloftes word gedurig onderstreep en programme word stadig in plek gesit om hulle gelyke geleenthede gegee om deel te neem aan die ekonomie. ✓✓

**(Aanvaar enige relevante inligting)** (4 × 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 4.1.1 **Lys enige TWEE kragte wat rentekoerse bepaal.**

- Besparings ✓
- Besteding ✓
- Leen ✓
- Investering ✓
- Wisselkoerse ✓ (Enige 2 × 1) (2)

4.1.2 **Verduidelik die term *reële lone*.**

Verwys na die koopkrag van die geld verdien – die goedere en dienste gekoop met die geld wat verdien is. ✓✓

**(Enige relevante verduideliking)** (Enige 1 × 2) (2)

4.2 **DATA RESPONS**

4.2.1 **Watter produksiefaktor word uit bogenoemde uittreksel verteenwoordig?**

Natuurlike hulpbron/Land ✓✓ (2)

4.2.2 **Wie is die <u>huidige</u> Minister van Water en Sanitasie?**

Me Nomvula Makonyane ✓✓ (aanvaar ʼn alternatief indien kabinet geskommel is) (2)

4.2.3 **Wat is die doel van die 2016-Waterweek?**

Om die belangrikheid van water te beklemtoon, ✓ die skaarsheid van hierdie hulpbron ✓ en die noodsaaklikheid om hierdie hulpbron op ʼn volhoubare manier te bestuur. ✓ (2)

4.2.4 **Hoe word die Suid-Afrikaanse ekonomie deur droogte affekteer?**

- Droogtes los baie huishoudings sonder toegang tot water. ✓✓
- Veroorsaak vernietiging aan gewasprodusente en lewende-hawe-boerdery. ✓✓ (2 × 2) (4)

4.3 **DATA RESPONS**

4.3.1 **Verduidelik die term *buitelandse handel*.**
Is wanneer 'n land goedere en dienste verruil oor internasionale grense ✓✓ (2)

4.3.2 **Waar word die land se handel met ander lande opgeteken?**
Betalingsbalans/BB ✓✓ (2)

4.3.3 **Wat toon die saldo's op die lopende rekeninge?**
Dit toon of 'n land binne of buite sy grense leef wanneer dit 'n surplus of tekort respektiewelik aandui. ✓✓
**(Enige relevante inligting)** (2)

4.3.4 **Hoe balanseer meeste lande die *tekort* op die betalingsbalans?**
- Deur kapitaaltoelae (donasie) ✓✓
- Buitelandse direkte investering (BDI) (vaste investering)
- Ander kapitaal invloei (portefeulje-belegging) ✓✓
- Lang termynlenings ✓✓ (Enige 2 × 2) (4)

4.4 **Verduidelik kortliks hoe *doeltreffendheid* en *skepping van nuwe rykdom* as belangrikheid is vir 'n entrepreneur.**

➢ **Verhoog doeltreffendheid**
- Entrepreneurs met nuwe idees en tegnologie gebruik hulpbronne effektief ✓✓
- Doeltreffendheid verhoog winsgewendheid wat lei tot meer mededinging ✓✓
- Hulle verseker dat die produksiefaktore optimaal gebruik word. ✓✓
- Hulle mors nie hulpbronne nie en is effektief. ✓✓ (Enige 2 × 2)(4)

➢ **Skep nuwe rykdom**
- Entrepreneurs wat die mark vir die eerste keer betree doen dit met hulle en hul familie se spaargeld en die geld wat hulle geleen het. ✓✓
- Hulle skep nuwe rykdom ✓✓ (2 × 2)(4) (8)

4.5 **Hoe word inkomste in SA herversprei?**
- 'n Land se inkomste-verspreiding dui aan hoe die totale inkomste onder die bevolking versprei word. ✓✓
- Dit kan eweredig of oneweredig verspreid is. ✓✓
- As daar 'n ongelyke verspreiding van inkomste is, is 'n klein aantal mense sal ryk wees en die meerderheid sal arm wees. ✓✓
- Nie almal ontvang dieselfde inkomste nie ✓✓ Bestedingspatrone sal ook verskil omdat die armes beperkte keuses het, ✓✓ terwyl die rykes sal voordeel sal hê om verskeidenheid goedere en dienste tot hul beskikking hê ✓✓

**(Enige relevante inligting)** (Enige 4 × 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

## PUNTETOEKENNING VIR OPSTELVRAE

| STRUKTUUR VAN OPSTEL: | PUNTE-TOEKENNING: |
|---|---|
| **Inleiding:**<br>• ŉ Goeie beginpunt kan wees om die term te verduidelik of sleutel woord wat in die vraag voorkom.<br>• Sluit ander sinne in wat die onderwerp ondersteun.<br>• Moenie in jou inleiding enige gedeelte van die vraag insluit nie.<br>• Vermy om in jou inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek volledig / In diepte bespreking / Ontleed / Krities bespreek / Analiseer / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Differensieer / Analiseer / Evalueer / Assesseer / Debatteer<br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie opinie / Krities bespreek / Evalueer / Krities evalueer / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken/ Gevolgtrekking / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Kortliks debatteer / Hoe / Stel voor / Gebruik die inligting en argumenteer, debatteer. evalueer … | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>• Die slot is ŉ opsomming van die bespreking van die onderwerp in die liggaam en moet gesien word as hoë orde antwoorde.<br>• Die slot kan die vorm van ŉ eie opinie wees, voorbeelde wat jou bespreking ondersteun of teenstrydige standpunte oor wat bespreek was.<br>• Geen aspek van die inleiding of liggaam moet ingesluit word by die slot nie. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

*Suid-Afrika het 'n besluit geneem om 'n gemengde mark ekonomiese stelsel te gebruik wat die voordele van beide die mark en sentraal beplande ekonomiese stelsels insluit.*

- *Verduidelik kortliks die voordele van 'n gemengde ekonomie.* *(26 punte)*
- Waarom word die Suid-Afrikaanse ekonomie as 'n gemengde ekonomie beskou? *(10 punte)*

**INLEIDING**

Gemengde ekonomie is 'n metode om die ekonomie te organiseer om goedere en dienste te produseer.✓✓
**(Enige relevante verduideliking aanvaar)** **Maks. 2** (2)

**LIGGAAM**

**HOOFGEDEELTE**

➢ **Die privaatsektor** ✓
- Private eienaarskap, die winsmotief en mededinging is die kragte wat die produksie van 'n groot verskeidenheid goedere en dienste. ✓✓
- Uitvoere skep werksgeleenthede en dra by tot die ekonomiese groei. ✓✓
- Invoere vul die binnelandse verskeidenheid en keuse aan ✓✓
- Hierdie is die gunstige eienskappe wat die privaatsektor van die markstelsel geërf het. ✓✓

➢ **Die publieke sektor** ✓
- Beskerming, onderwys, gesondheidsorg, sosiale voordele en geleenthede vir die armes. ✓✓
- Die publieke sektor sluit ook ekonomiese kwessies soos die hantering van markmislukkings, ✓✓ die verskaffing van voldoende infrastruktuur en die skepping van 'n stabiele ekonomiese raamwerk. ✓✓

➢ **Optimale mengsel** ✓
- Die optimale mengsel moet verseker dat 'n optimum lewenstandaard vir alle inwoners verseker word. ✓✓
- Die owerheid laat die privaatsektor voldoende ruimte om sy doelwitte na te streef. ✓✓
- Die privaatsektor behoort te besef dat die openbare sektor die hulpbronne en ruimte nodig het om sy sosiale en ekonomiese doelwitte na te streef. ✓✓

➢ **Die omgewing en mense-regte** ✓
- Gemengde ekonomieë het beter omgewings- en menseregte rekords as onderskeidelik sentraal beplande of markekonomieë. ✓✓
(As slegs gelys word Maks. 6 punte) **Maks. 26** (26)

## ADDISIONELE GEDEELTE

**Verduidelik waarom Suid-Afrika se ekonomie as ’n gemengde ekonomie gereken word.**

- Suid-Afrika het ’n gemengde ekonomie omdat die regering ’n rol speel in die voorsiening van kollektiewe goedere en dienste ✓✓ en in regulering van die markte, terwyl ander ekonomiese aktiwiteite gedryf word deur besluite van kopers en verkopers. ✓✓
- Die uitkomste van hierdie mengsel is dat hulpbronne geallokeer word deur beide privaatsektor en die regering. ✓✓
- Die funksionering van die ekonomie word in die hande van die markmeganisme van die privaatsektor gelaat, terwyl die regering die ekonomie direk beheer deur fiskale en monetêre beleid en wette. ✓✓
- As die regering die myne nasionaliseer, plase, banke en ander instellings, sal die ekonomiese stelsel ✓✓ verander na sentraal beplande ekonomie met die eienskappe, voordele en nadele van so ’n stelsel. ✓✓
  **(Enige relevante inligting aanvaar)** (Enige 5 × 2) (10)

## SLOT

Enige relevante hoër orde-slot wat die volgende moet insluit:

- ’n Opsomming oor wat bespreek sonder om feite te herhaal wat alreeds in die liggaam genoem is/
- ’n Opinie oor die feite wat bespreek was/
- Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking te versterk/
- ’n Teenstrydige standpunt met motivering **Maks. 2** (2)
- **[40]**

## VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

*In Suid-Afrika het baie klein banke uit besigheid gegaan in die afgelope jare. Hierdie mislukkings kan toegeskryf word aan tipiese risiko's wat banke neem en wanbestuur.*

- *Bespreek die verskillende redes vir mislukkings verwant aan bankrisiko's.* *(26 punte)*
- Hoe sukkel deposante en aandeelhouers as banke misluk? *(10 punte)*

**INLEIDING**

ʼn Bankmislukking gebeur wanneer ʼn bank nie in staat is om hul verpligtinge aan sy deposante en krediteure na te kom nie aangesien dit insolvent is en nie sy laste kan behartig nie. **Maks. 2** (2)

**LIGGAAM**

**HOOFGEDEELTE**

➢ **Kredietrisiko** ✓
- Een van die kernfunksies van banke is om geld in die vorm van lenings uit te leen. ✓✓
- Kredietrisiko ontstaan oor die terugbetaling van lenings deur kliënte, ✓✓ en of die banke nog steeds die deposito's aan kliënte terug sal kan betaal. ✓✓

➢ **Likiditeitsrisiko** ✓
- Banke leen oor ʼn korttermyn en leen uit oor ʼn langtermyn. ✓✓
- Indien ʼn groot deposant ʼn aansienlike bedrag onttrek en die bank moet rondval vir akkommodasie, ✓✓ sal gerugte van ʼn likiditeitsdruk onmiddellik ander deposante aanmoedig om dieselfde te doen. ✓✓
- ʼn Stormloop wat baie moeilik gestuit kan word, kan ontstaan. ✓✓

➢ **Rentekoersrisiko** ✓
- Hoë rentekoers-fluktuasies kan probleme vir banke veroorsaak as hulle nie daarop voorbereid is nie.✓✓
- Hoë rentekoerse affekteer ʼn bank se deposito-tariewe en die tariewe wat kliënte moet dra. ✓✓
- Dit kan ʼn bank se profiel verlaag. ✓✓

➢ **Investeringsrisiko** ✓
- Banke investeer geld in aandele, eiendomme. ✓✓
- As die bate van ʼn markwaarde skielik waarde verloor, sal winste stadig wees en verliese tot gevolg sal hê. ✓✓
- Dit sal dan vanaf die profiel gesubsidieer moet word. ✓✓

- **Kapitaalrisiko** ✓
  - Banke moet kapitaal en onverdeelde wins-reserwes handhaaf tot ŉ bedrag wat meer as 10 % van hulle totale laste is. ✓✓
  - Indien ŉ bank se kapitaalreserwe-verhouding hierdie grens bereik, kan sommige aandeelhouers hul aandele verkoop. ✓✓
  - Dit beteken dat die bank nuwe aandele moet uitreik. ✓✓
  - Nuwe aandeelhouers sal in winste deel, wat die verdienste van bestaande aandeelhouers sal verwater. ✓✓
  - Deposante kan ongemaklik begin voel. ✓✓

  **(As slegs gelys, Maks. 5 punte)** **Maks. 26** (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Verduidelik hoe deposante en aandeelhouers sukkel as banke misluk**.

**Deposante:**
Wanneer ŉ bank misluk, bv. groot onttrekkings, sal die bank ophou om deposito's terug te betaal wanneer sy kontant opraak ✓✓ en ook nie meer oor bates beskik om van die Reserwebank se terugkoopfasiliteite gebruik te maak nie. ✓✓ Die SARB kan ŉ kurator aanstel om die bates te verkoop en die opbrengs aan die gevange deposante uit te betaal. ✓✓ Hulle sal, of sal nie, al hul deposito geld terugkry nie. ✓✓

**Aandeelhouers:**
Aandeelhouers kom laaste in aanmerking om iets na ŉ bankmislukking terug te kry. ✓✓ Hulle dividende verdwyn voor die banke misluk. ✓✓ Die direksie sal egter probeer om die bank as ŉ lopende onderneming te verkoop, sodra daar tekens van probleme is. ✓✓

**(Enige relevante inligting)** **Maks. 10** (10)

**SLOT**

Enige relevante hoër orde-slot wat die volgende moet insluit:

- ŉ Opsomming oor wat bespreek is sonder om feite te herhaal wat alreeds in die liggaam genoem is/
- ŉ Opinie of goeie uitspraak oor die feite wat bespreek was/
- Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking te versterk/
- ŉ Teenstrydige standpunt met motivering. ✓✓

**(Enige relevant slot is aanvaarbaar)** (**Maks.** 1 × 2) (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou